



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Saakgelastigde:

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Ds AH Minnaar

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

021 957 7104
bossie@kaapkerk.co.za
www.kaapkerkadmin.co.za

1 Desember 2020

AAN: Kerkrade/Diensverhoudinge Kommissies

*** Personeel word versoek om die skrywe vertroulik en professioneel te hanteer ***

RIGLYNE VIR VERGOEDING VAN DIENSLERAARS EN JEUGWERKERS: 1 MAART 2021 TOT 28 FEBRUARIE 2022

1. INLEIDING

Hierdie skrywe moet saam met die Omsendbrief van 1 Desember 2020, waarin riglyne vir vergoeding van gemeentepersoneel in detail bespreek word, gelees word.

2. MARKVERWANTE SKALE

- 2.1 Die maandelikse TKVI (Totale Koste van Indiensneming) van personeellede is as grondslag gebruik. TKVI is die totale koste vir die gemeente wat alle werkgewer bydraes tot byvoordele en bonusse insluit. Vergelykbare statistiek in markopnames word op soortgelyke wyse gedoen.
- 2.2 Die voorgestelde skaal (riglyn) vir elke posgraad dui 'n minimum (onderste grens) en maksimum (boonste grens) aan. Die plasing van 'n personeellid tussen die grense word bepaal deur die personeellid se pligtestaat, prestasie, dienstermyn, kwalifikasies (kennis en vaardighede) en verreken ook die gemeente se vermoë om die vergoeding te bekostig.
- 2.3 Posisionering tussen die 25^{ste} en 75^{ste} persentiel van markstatistiek word as 'n markverwante vergoedingskaal geag. Die NG Kerk se vergoedingskaal word jaarliks hersien in 'n poging om dit op 'n konstante posisie teenoor die mark te hou.
- 2.4 Die NG Kerk in SA se pasgemaakte vergoedingskaal is krities geëvalueer in die lig van huidige mark tendense en -bewegings. Posvlakke 1 tot 9 is baie goed geplaas teen die mark (mooi tussen die 25^{ste} en 75^{ste} persentiele), terwyl die hoër posvlakke ietwat uitsak teenoor die marksyfers en nie meer heeltemal die 75^{ste} persentiel haal nie.

3. HOE OM DIE SKALE TE GEBRUIK

- 3.1 Die skaal dui die totale maandelikse koste (TKVI – Totale Koste van Indiensneming) vir werkgewers aan (alle werkgewerbydraes en bonusse word ingesluit).
- 3.2 Die skaal word gegrond op 'n 40-uur werkswaek en behoort proporsioneel aangepas te word volgens werklike werksure. [Voorbeeld: Indien 'n voltydse jeugwerker R28 000 per maand ontvang, sal 'n jeugwerker in 'n 5/8^{ste} pos net R17 500 per maand ontvang.]

4. VERGOEDINGSKAAL VIR DIENSLERAARS

- 4.1 'n Diensleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding.
- 4.2 Kerkrade plaas die **diensleraar** – op grond van die posoms krywing en sy / haar opleiding en ervaring – na wedersydse konsultasie – op 'n posisie in die skaal tussen die minimum en maksimum.

5. VERGOEDINGSKAAL VIR JEUGWERKERS

- 5.1 Die vergoedingskaal vir **jeugwerkers** is van toepassing op jeugwerkers wat 'n 3-jaar B.Diak diploma of graad verwerf het.
- 5.2 Kerkrade plaas die **Jeugwerker** – op grond van die posoms krywing en sy / haar opleiding en ervaring – na wedersydse konsultasie op 'n posisie in die skaal tussen die minimum en maksimum.

6. AANBEVELING VIR 2022 (1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022)

- 6.1 Diensleeraars en jeugwerkers behoort op 'n posvlak 10 of 11 vergoed te word. Posvlak 11 is vir diensleeraars en jeugwerkers wat groter verantwoordelikhede het (gewoonlik ook in groter gemeentes) of waar gespesialiseerde kundigheid en leierskap aan die pos gekoppel is.

POSVLAK	2021 (1 Maart 2020 tot 29 Februarie 2022)	TOTALE KOSTE VAN INDIENSNEMING 2022 (1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022)
Posvlak 10	R22 350 tot R32 000	R23 400 tot R33 400
Posvlak 11	R27 100 tot R38 600	R28 200 tot R40 300

- 6.2 In pas met die aanbeveling van die Algemene Sinode se riglyn vir predikante en die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge se aanbeveling vir amptenare, word aanbeveel dat die vergoedingsaanpassing (Totale Koste van Indiensneming) vir diensleeraars en jeugwerkers in 2021 met 0% aangepas word. Dus: **Geen verhoging**. Alhoewel die vergoedingskaal aangepas is, word die spesifieke diensleeraar of jeugwerker se pakket nie aangepas nie. Die diensleeraar of jeugwerker skuif dus effektief laer in die skaal. [Voorbeeld: As die jeugwerker R28 000 ontvang het, sou die jeugwerker 58,5% in die Posvlak 10 se skaal gelê het. Die vergoeding in 2022 bly R28 000. Die Jeugwerker skuif dus effektief af na 46% in die 2022 Posvlak 10 skaal.]
- 6.3 Die personeellid se huidige posisie in die betrokke skaal, werkprestasie en die gemeente se vermoë (bekostigbaarheid) moet deurgaans in ag geneem word wanneer aanpassings wel oorweeg word.
- 6.4 Gemeentes wat oordeel dat hulle wel in 'n posisie is om klein aanpassings te maak, sou self so kon besluit.
- 6.5 **Ons wil dit weereens beklemtoon dat die skale slegs riglyne is en dat die gemeente se Kommissie vir Diensverhoudinge in oorleg met die Fondsekommissie behoort te besin oor die vergoeding van gemeentepersoneel en aanbevelings aan die Kerkraad maak wat reg en billik is.**

Vriendelike groete

Ds Bossie Minnaar
SAAKGELASTIGDE

**** Let wel ****

Die verantwoordelike en billike vergoeding en versorging van ons personeel behoort vir die Kerk 'n hoë prioriteit te wees.